## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Schalk | Lourens | 07/26 |
| Attie | Brand | 07/27 |
| Riana | Dreyer | 07/27 |
| Frans | Jonker | 07/27 |
| Analise | Frick | 07/28 |
| Johan | Hatting | 07/28 |
| Gawie | Botes | 07/29 |
| Herman | Kloppers | 07/29 |
| André | v Huyssteen | 07/29 |
| Leon | Volker | 07/30 |
| Du Toit | Stegmann | 07/31 |
| Janiel | Visser | 07/31 |
| Pieter | Botha | 08/01 |
| Eugené | Dunn | 08/01 |
| Mildred | Engelbrecht | 08/01 |
| Diane | Kleinhans | 08/01 |
| Willie | Meyer | 08/01 |
| Japie | Prins | 08/01 |

### BLAPSE IN KERK-PAMFLETTE

Die pastoor gaan sy afskeidspreek lewer, waarna die koor gaan sing, "O blye dag"!.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

26 Julie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 26/7**
10h00 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte
A Brink
**Dinsdag**
10h00 Angs- en Depressiegroep
14h00 Klerebank
**Donderdag**
10h00 Versorgers kom byeen in L'Agulhas
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 02/08**
10h00 L'Agulhas
Spesiale Kollekte
Straatwerk

### KARAOKE

Alida Wood en Mat kom weer vanjaar die karaoke by ons aanbied. Stuur solank jou gunsteling lied (meld die kunstenaar(s) wat jy wil hê gebruik moet word en of dit 60s, 70s of 80s musiek is) vir Joanie by 0725193170. Oefen solank.

**WIE BREI SAAM?** Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. As jy wil brei, gee asb. die mus(se) in by die Kerkkantoor.

### HELPMEKAAR - Groepie

Ons het die "Helpmekaar" - groepie begin, hoofsaaklik om hulp te verleen waar gemeentelede sukkel met huis skoonmaak en al die gewone take a.g.v. ouderdom of siekte, tydelik of oor die lang termyn. Ons wil ook graag 'n databasis begin van persone wat bereid is om te help en wat oor vaardighede beskik soos krane regmaak, kragproppe herstel, gloeilampe vervang, dalk grassny, ensovoorts. Ons uitnodiging is dus tweeledig:
(1) laat weet ons indien jy hulp nodig het; en
(2) laat weet asseblief indien jy bereid is om te help. Kontakpersone: Dawie Theron (0828946070), Madie Haynes ( 0822932336) of die Kerkkantoor (028 435 6789).

### HOENDERBRAAI - 31 Julie

Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 0832863976 as jy wil bestel. Fondsinsameling vir Kenia.

### KLERE:

Dankie vir klere wat geskenk word vir ons gemeente se opwipwinkel. Warm klere sal welkom wees. Merk dit asb JOANIE en gee dit by die Kerkkantoor af. Ander klere, skoene, juwele of hoede kan ook geskenk word. Ons bêre dit vir ons Septemberbasaar!

**TEKS VIR DIE WEEK:** 1Pet3:15. In julle harte moet daar net Heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

## Ons bid vir...

1. Reën.
2. Beterskap vir Pieter Reichert wat behandeling ontvang het vir 'n versteurde hartritme en Ria Slabber wat in die Kuilsrivier Medikliniek opgeneem is vir behandeling vir kanker.
3. Elke gemeentelid wat swaarkry.
4. Sendelinge, by name vir die Brinks in Kenia, vir:

4.1 Beskerming teen fisiese gevaar en siekte.
4.2 Die open van harte vir die evangelie.
4.3. Hulle emosionele welstand.
4.4 Krag wanneer hulle moeg en moedeloos is.
4.5 SEËN op hulle werk.

5. Die uitdagings van die nuwe kwartaal.

## Vir ons kinders

### Die Ou Emmer:

Daar is die storie van die ou emmer wat vir jare lank diens gelewer het vir sy eienaar. Toe hy begin lek deur sy gaatjies het sy eienaar 'n nuwe emmer gekoop, maar nog aangehou om die ou emmer te gebruik. Die twee emmers was saam gebruik om dromme vol te maak met water. Eendag kla die nuwe emmer by die ou emmer, want hy, die nuwe een, doen al die werk so - te - sê alleen, want die ou emmer het net 'n klein bietjie water oor teen die tyd dat hulle die dromme bereik. Die ou emmer het baie sleg gevoel. Die volgende oggend sê hy toe vir sy baas hy kan hom maar weggooi, want hy is oud en stukkend. Hy dien geen doel meer nie. Die eienaar tel toe dadelik sy ou emmer op. Hy druk hom styf teen hom vas. Hy sê toe dat hy nooit die ou emmer sal weggooi nie, want hy het saadjies al langs die paadjie rivier toe gesaai en elke keer dat hulle daar verbyloop maak die ou emmer die saadjies nat. Daar groei nou al die mooiste blomme! Wanneer ons stukkend is en voor die Vader onsself uitstort, sal Hy vir ons wys watter verskil ons as getuies in ander mense se lewens gemaak het. Wanneer ons deur moeilike tye nog ander kan bemoedig en hulle ashoopsituasie in 'n blomtuin kan verander, sal Hy ons in sy arms hou en so trots wees op ons. Hy sal ons nooit verlaat of weggooi nie.

## DANKIE VIR:

1. Ds. George Conradie wat ingestaan het vir ds.Franziska tydens haar verlof.
2. Ronel Reesberg wat vir Erna aflos in die Kerkkantoor.
3. Marietjie Bruwer wat vir Elize instaan as koster terwyl sy met vakansie is.
4. Louisa Schalekamp wat vir Karin Michau kon instaan as begeleier.
5. Al die predikante wat uitgehelp het na Pinkster: Di. George Conradie, Peet Crous, Kobus Pretorius en Pierre Marais.
6. Al die wonderlike werkers, sê Annamarie Judd. Hulle het R3 724.00 gemaak!
7. Niel Bruwer wat die gaasdeur by die kombuis gratis reggemaak het.

## Doen & Deel

<u>Besoek aan Andre & Corneli Brink in Kenia; Julie 2026</u>

<u>A Wat het ons gesien?</u>

Die kamp bestaan uit 'n sentrale bymekaarkomplek; 'n tipiese boma waarbinne die plaaslike mense hulle beeste laat oornag het. Hier brand altyd 'n vuur met 'n groot staalpot van ongeveer 15 liter waarin daar water gekook word. Binne die boma is 'n afdak met 'n kombuis; daar is nie krag beskikbaar nie, dus geen yskas nie. Daar is wel 2 gasbranders. Langsaan die kombuis is 'n afdak met 'n lang tafel en 'n pizzaoond. Die tente waar die gaste slaap, is versprei tussen die digte bosse vir privaatheid; elkeen het 'n eie losstaande badkamer met stort, toilet en waskom. André en Corneli se "huis" is 'n tent sowat 300m vanaf die kampterrein. Die kantoortjie wat altyd binne die tent was, is nou geskuif. Daar is nou ook 'n afsonderlike kombuis Die Brinks is nou 10 jaar getroud en hulle bou nou 'n badkamer agter hulle tent aan. Op die terrein is daar 'n geboutjie waar gereedskap gestoor word. Hulle is tans besig om 'n opleidingsentrum te bou; meer hieroor later. Die water van die kamp word deur 'n dompelpomp wat in 'n diep put lê, met sonkraggepomp . André en Corneli kry 'n bietjie krag vir hulle tent vanaf dieselfde sonpanele. Hulle het dus 'n klein yskas en kon almal hulle selfone se batterye daar laai.

<u>B Gewaarwording</u>

Ons is diep onder die indruk gebring van die goeie werk wat hulle daar doen. Hulle opoffering is vanselfsprekend en daar word nooit daarna verwys nie. André en Corneli is 'n span in die heel beste bedoeling van die woord.
Hulle dink strategies: Hulle gaan die kamp se naam verander na Olkoroi Natuur- en Opleidingsentrum; want dit is wat hulle doen. Die naamsverandering is belangrik in hulle verhouding met die regering. By die nuwe opleidingsentrum kan hulle gemeenskapsopleiding doen, en fokus om skoolgroepe te ontvang. André is 'n dissipel van die Here wat 'n passie het vir natuur en omgewingsbewaring. Daarom bied hy, Francis, en Kashu weeklikse leierskapkursusse in gemeenskapsvergaderings aan ten opsigte van bewaring en beskerming van die natuur. Hulle koppel dit aan rentmeesterskap van die skepping wat God aan ons gegee het om te beskerm en te bewaar. Hulle bied dissipelskapkursusse in die gemeenskap aan. Dit is sesmaandekursusse van 3 vol dae per maand. Verder doen hulle kerkleieropleiding en Bybelopleiding. Hulle wil in die toekoms 'n dissipelskapskool aanbied wat drie maande voltyds sal wees. Hulle glo ons eerste hoop en fokus is op God, en daarom dissipelskap. God moet te alle tye in beheer wees en nie die regering nie.

## Doen & Deel

Hulle doen akademiese borgskappe (benodig nog donateurs) en mentorskapprogramme van Laerskool tot Universiteit. Mentorskap word kwartaalliks by skole aangebied. Alles in die gemeenskap is verhoudingsgedrewe; programme is nie belangriker as mense nie.
Die ekotoerisme en kruis kulturele blootstelling van die besigheid bring inkomste. Hierdeur word praktiese dissipelskap en werketiek-vaardighede ontwikkel in die plaaslike personeel. Beplande projekte sluit in: die verbetering in akkomodasie (dan kan hulle hoër tariewe vra) en ontwikkeling van administrasie sisteme: 'n vergrote inheemse boomkwekery om verdere inkomste te bring, en veral die bewaring en opleidingsprojekte wat daarmee gepaard gaan, te ondersteun: die hou van seuns- en dogterskampe om Bybelse waardes en etiek vir tieners te leer.

<u>C Behoeftes</u> (wat ek gesien en gehoor het-sonder dat hulle vra)

Dat ons mense in gemeentes/familie/vriende kringe aanmoedig om hulle te besoek; daar was nou 18 tieners met drie onderwysers vir twee weke van SA.
Indien mense nie kan gaan nie, dat ons hulle aanmoedig om meer aktief betrokke te raak.
Daar is tente wat herstel moet word.
Daar is talentvolle kinders wat wag op borgskappe.
Daar is 'n behoefte aan kamptoerusting soos kampstoele en sonpanele by die boma se kombuis vir 'n yskas en kragpunt, 'n behoefte om die voertuig te herstel, of te vervang.
Dat oorsese familielede aangemoedig word om betrokke te raak. Met 'n klein bietjie dollars of euros, kan André en Corneli baie doen.
Dat ons nie sal stilbly nie, maar dit wyd sal versprei.

<u>D Ten slotte; belewenis</u>

Die stap saam met André en die Maasai, Leudi, is 'n belewenis. Olifant, buffel, seekoei en luiperdspore (so vars soos 12 uur oud) word uitgewys. Reuse geelhoutbome, plekke waar olifante grawe vir sout in die grond, uitsonderlike voëls, Colobus apies, bye wat ondergrondse korwe maak, en vele meer word uitgewys en verduidelik. In die aand om die vuur, deel André meer omgewingskennis met ons: Hy vertel hoe God hom geroep het toe hy 18 jaar oud was, en hoe hy vanuit die Amazone woud in Brasilië in Kenia beland het. Dit is 'n verhaal van God se aktiewe betrokkenheid by Sy kind, en God se sorg vir Sy kinders op verskillende maniere (ook deur mense en gemeentes). Mag die Here ons seën, tot seën in Sy koninkryk.
Albert Myburgh 2026.07.20

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar word by die Kerkkantoor ingegee . Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.